

3 Junie

Skrifgedeelte: Lukas 15:17-32

Fokusgedeelte: Lukas 15:18, 24

Die wonder van vergewing van sonde

Ongeag die feit dat die seun in ons gelykenis van sy vader “weggebreek” het, het sy vader hom ten volle vergewe! Toe die seun daar in die vreemde tot sondebeseft gekom en berou oor sy sonde gekry het, het hy opgestaan en teruggegaan. En toe hy nog ver was, het sy vader hom gesien, innig jammer vir hom gevoel, hom tegemoet gehardloop en gesoen. Hy was verlore, maar is weer gevind. Hy was dood, maar het weer lewendig geword.

Dit is die wonder van die vergewing van sonde! Sy vader *vergeld* hom nie vir sy dade nie. Hy is nie streng en onverbiddelik teenoor sy kind met sy tugtiging nie. Ons lees hier nie van beskuldigings nie, maar van liefde. Ons lees nie van verwyte nie, maar van innige jammerte. Hier staan niks van slae en straf nie, maar van omhelsing en ’n soen. Dit leer die gelykenis ons: As ons ons sonde beseft en na die Here toe gaan met opregte belydenis, vind ons by ons God absolute en rojale vergiffenis!

Maar die wonder gaan nog dieper. Die seun vra: “Behandel my soos een van u dagloners.” Vergewe my vader, maar laat my dit *verdien*! Nee, die vader herstel sy kindskap. Hy gee aan hom die beste kleding, ’n ring vir sy hand en skoene aan sy voete. Dus, hy herstel sy kindskap. Deur Christus se verdienste hoef jy en ek niks meer voor God te verdien nie. Ons is sy kinders deur Christus! Só moet ons, elkeen verlore kinders van God, elke dag opstaan en voor God in sondebeseft ons sonde bely en ons sal vind: By God is absolute en oorvloedige vergewing.

Sing: Skrifberyming 10:1, 2

Ds. NW Ligthelm (Pretoria-Alkantrant)